



**Titel:** Die teenwoordigheid van God  
**Pastor:** Sias le Roux  
**Datum:** 1 Mei 2011  
**Tyd:** 09:00

## 1. God se alomteenwoordigheid.

God is orals op dieselfde tyd.

### **Psalm 139: 7**

Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?

### **Jesaja 6:3**

... Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!

### **Romeine 8:38-39**

<sup>38</sup> Want ek is verseker dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge <sup>39</sup> of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.

## 2. God se inwonende teenwoordigheid

### **Johannes 15:4-5**

<sup>4</sup> Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. <sup>5</sup> Ek is die wynstok, julle die late. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle nikks doen nie.

### **I Korinthiërs 3:16**

<sup>16</sup> Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?

- **Volle vreugde**

### **Psalm 16:11**

U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig.

- **Die Koninkryk**

### **Lukas 17:21**

En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle.

### **Romeine 14:17**

Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.

- **Die gawes**

### **I Petrus 4:10**

Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.

### **I Korinthiërs 14:39-40**

<sup>39</sup> Daarom, broeders, beywer julle om te profeteer en moenie verhinder dat daar in tale gespreek word nie. <sup>40</sup> Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan.

### **Hebreërs 5:14**

Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.

### **3. God se tasbare teenwoordigheid**

#### **Johannes 14:21**

Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.

- **Toewyding van die tempel** - II Kronieke 5:13-14
- **Saulus op die Damaskus-pad**
- **Jesus se verheerliking** - Lukas 9:29

#### **II Korinthisiërs 3:17**

Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid.